basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**2019**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 29 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30 punte) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10 punte) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40 punte) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (40 punte) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |
| AFDELING D: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel (TEKS A) hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS A

**MIRIAM MAKEBA (1932–2008)**
**… MAMA AFRIKA**



1 **Inleiding**

Zenzile Miriam Makeba was 'n Suid-Afrikaanse sangeres, aktrise en iemand wat vir mense omgegee het. Die meeste Suid-Afrikaners het haar as Mama Afrika geken.

2 **Miriam se lewe**

Miriam Makeba is op 4 Maart 1932 in Johannesburg gebore. Daardie jare was baie Suid-Afrikaners brandarm. Miriam en haar ouers het ook swaargekry. Toe Miriam net 18 dae oud was, is haar ma vir ses maande tronk toe gestuur omdat sy onwettig bier gemaak en verkoop het. Sy het dus haar jong lewe saam met haar ma in die tronk begin. Miriam se pa moes haar later versorg en toe hy oorlede is, het haar ouma na haar gekyk. As jong meisie het Miriam in Sophiatown gaan woon. Dit was 'n lewendige plek, waar 'n mens kwêla, marabi, Afrika-jazz en orkesmusiek kon hoor. Sophiatown was toe anders as ander plekke in Suid-Afrika. Daar kon alle rasse in vrede saambly.

3 **Miriam die sangeres**

Miriam het as jong dogtertjie in die kerk gesing. Toe sy oud genoeg was om te begin werk, het sy geld verdien deur haar ma te help om huise skoon te maak. Maar musiek was haar groot liefde. Dit was al wat sy wou doen. Miriam het in haar niggie se orkes, die Cuban Brothers, begin sing. In 1954 het sy by die Manhattan Brothers aangesluit en sommer gou het almal van haar geweet en van haar gehou. Sy het saam met die Manhattan Brothers in Suid-Afrika en die Kongo getoer. Daarna het Miriam vir 'n vroue-sanggroep, die Skylarks, begin sing. Hulle het jazz en tradisionele Afrika-musiek gemeng. Dit was Miriam wat gesorg het dat baie mense van Afro-popmusiek begin hou het en op hierdie manier het sy alle kulture aan Afrika-musiek bekend gestel. Miriam se Afro-haarstyl was net so gewild soos haar musiek. Baie vroue wou soos sy lyk. In 2005 het sy besluit om nie meer groot konserte te hou en op lang toere te gaan nie. Sy het nog steeds voor klein groepies mense gesing.

4 **Miriam die aktrise**

Miriam het in Amerikaanse flieks soos *Come back Africa* (1957) en *King Kong* (1959) gespeel. *Come back Africa* was 'n fliek oor die geskiedenis van Suid-Afrika. Sy het die rol gespeel van 'n onbekende sjebeen-sangeres en sy het liedjies soos *Lakutshon Ilanga* en *Saduva* gesing. Die Amerikaner, Lionel Togosin, het hierdie fliek gemaak en Miriam het 'n toekenning *(award)* vir haar rol daarin gekry. Sy het spesiaal in 1959 na die fliekfees in Venesië gevlieg om haar toekenning te ontvang. In *King Kong* het Miriam die hoofrol teenoor Hugh Masekela gespeel. Sy is in 1964 met hom getroud, maar hierdie huwelik het nie lank gehou nie.

5 **Miriam met die sagte hart**
Miriam wou graag ander mense help. Haar Zenzile Miriam Makeba Foundation het 'n sentrum waar mishandelde meisies gehelp word. Miriam het ook programme wat dwelmmisbruik en MIV/Vigs wil uitroei, ondersteun.

6 **Miriam se dood**
Miriam is op 9 November 2008 in die ouderdom van 76 jaar oorlede. Sy het 'n hartaanval gekry ná 'n optrede by 'n konsert in Italië. Na haar dood, het oud-president Nelson Mandela gesê: 'Miriam Makeba se musiek het vir ons almal hoop gebring en ons geïnspireer.'

[Verwerk uit www.sahistory.org]

1.1 In watter jaar is Miriam Makeba gebore? (1)

1.2 Lees paragraaf 1.

Noem TWEE dinge wat Miriam gedoen het waarvoor mense haar sal onthou. (2)

1.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3) neer.

Miriam Makeba is Mama Afrika genoem omdat sy …

A en haar familie in Suid-Afrika swaargekry het.
B net konserte in Afrika gehou het en daar bekend was.
C goed was vir die mense van Afrika en vir die beeld van Afrika.
D net in oorsese lande voor baie mense in Afrika-tale gesing het. (1)

1.4 Haal 'n sin uit paragraaf 2 aan wat sê dat Miriam en haar ouers nie die enigste mense was wat in die 1930's swaargekry het nie. (1)

1.5 Hoekom moes Miriam se ma tronk toe gaan? (1)

1.6 Hoekom kan 'n mens sê dat Miriam se lewe anders as ander babas se lewens begin het? (1)

1.7 By watter familielid het Miriam gaan bly nadat haar pa dood is? (1)

1.8 Noem EEN soort musiek wat in Sophiatown gespeel is. (1)

1.9 Wat het Sophiatown in daardie jare anders as ander blyplekke in Suid-Afrika gemaak? (1)

1.10 Waarom kan 'n mens sê dat Miriam nie haar eerste geld met sang/musiek verdien het nie? (1)

1.11 Miriam Makeba het saam met verskillende sanggroepe en in verskillende flieks opgetree.

Kies die naam uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.11.1 tot 1.11.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.11.1 | Die eerste orkes waarin Miriam as sangeres opgetree het, was die … | A | Skylarks |
| 1.11.2 | Die publiek het vir Miriam raakgesien en van haar begin hou toe sy saam met die … gesing het. | B | Cuban Brothers |
| 1.11.3 | Miriam het 'n toekenning gekry vir haar rol in … | C | *King Kong* |
| 1.11.4 | Miriam het in … teenoor Hugh Masekela gespeel. | D | Manhattan Brothers |
| | | E | *Come back Africa* |

(4 x 1) (4)

1.12 Waaruit lei ons af dat baie vrouens van Miriam se Afro-haarstyl gehou het? (1)

1.13 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die rol wat Miriam in *Come back Africa* gespeel het, was (anders/dieselfde) as haar werklike lewe, want sy was toe al amper 'n internasionale ster. (1)

1.14 Waarom kan ons sê dat die wêreld buite Afrika van Miriam as aktrise en sangeres geweet het? (1)

1.15 Miriam se persoonlike lewe as volwasse vrou was net so suksesvol soos haar loopbaan as kunstenaar.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.16 In paragraaf 5 lees ons van die goeie dinge wat Miriam vir ander mense gedoen het.

Watter SES AGTEREENVOLGENDE WOORDE in paragraaf 1 sluit hierby aan? (1)

1.17 Miriam is op 9 November 2008 oorlede.

1.17.1 Waaraan het Miriam gesterf? (1)

1.17.2 In watter land het Miriam gesterf? (1)

1.18 By Miriam leer 'n mens dat jy nie jou verlede moet gebruik as rede waarom jy nie jou drome waar maak nie. Motiveer hierdie stelling. (1)

1.19 Lees reël 47 en 48.


Waarom kan 'n mens sê dat Nelson Mandela en Miriam Makeba dieselfde uitwerking *(effect)* op mense gehad het? (1)

## TEKS B: VISUELE TEKS

Bestudeer die programrooster hieronder en beantwoord die vrae.

**PROGRAM SABC 2**
**Saterdag 9 Junie 2019**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **H** | Herhaling | **O** | Herhaling van 'n paar programme (Omnibus) | ★ | Fliek | *DSTV-kanaal |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **H** | **13:00** | *7de Laan* | |
| ★ | **14:30** | *Fiela se Kind* | |
| | **17:30** | Nuus (Xitsonga/Tshivenda) | @SABCNuus<br>@SABCNuus |
| | **18:00** | *7de Laan* | |
| | **18:30** | Nuus (Afrikaans) | |
| | **19:00** | *Spyskaart* |  |
| | **20:00** | *Laduma* |  |
| ★ | **21:00** | *The Emoji Movie*<br>Animasie. 'n Spesiale emoji gaan op 'n reis en leer homself ken. Stem: TJ Miller (2017) (PG) |  |
| ★ | **22:30** | *The Amazing Spiderman 2*<br>Aksie. Peter Park baklei teen twee vyande. Andrew Garfield (2014) (13) |  |

[Verwerk uit *TV Plus*, Junie 2018]

1.20 Watter program word meer as een keer uitgesaai? (1)

1.21 Wat beteken die sterretjie ★ langs *Fiela se Kind*? (1)

1.22 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die nuus in Afrikaans word (vroeër/later) as *Laduma* uitgesaai. (1)

1.23 Om 19:00 word 'n program oor kosmaak uitgesaai.

Hoekom pas die prent van 'n sjef se hoed by hierdie program? (1)

1.24 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.24) neer.

Die datum (2017) by *The Emoji Movie* beteken dat die fliek in 2017 …

A gemaak is.
B vir die laaste keer gewys is.
C die meeste geld gemaak het.
D 'n Oscar-toekenning gewen het. (1)

1.25 Watter program kan jy ook op Twitter en Facebook volg? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2: WAAROM DIT VIR JOU GOED IS OM AAN SPORT DEEL TE NEEM

## TEKS C


- Som die SEWE redes **WAAROM DIT VIR JOU GOED IS OM AAN SPORT DEEL TE NEEM**, in SEWE VOLSINNE op.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Dis nie lekker om sieklik te wees nie. Dis baie lekkerder om fiks en gesond te voel. As jy aan sport deelneem, voel jy gewoonlik gesonder.





Fisiese aktiwiteite kan help as jy met jou gewig sukkel. As jy aan die een of ander sport deelneem, sal jy nie met jou gewig sukkel nie.



As jy aan sport deelneem, kan jy daarop staatmaak dat jy beter breinkrag sal hê. Jy het jou brein nodig om basiese besluite te kan neem en te kan dink.



Het jy al gesien hoe mense wat aan 'n spansport deelneem, mekaar vertrou en op mekaar staatmaak? Sport wys jou hoe om in 'n span te kan saamwerk.



Vriendskap word gebou deur pret en goeie oomblikke te deel. Dis wat gebeur as jy saam met ander mense aan sport deelneem. Jy sal nuwe vriende maak as jy aan sport deelneem.



Sport sal jou leer om jou tyd beter te bestuur. Sportmense is gewoonlik ook besig met ander dinge soos studies en gemeenskapsdiens. Dan moet 'n mens mooi uitwerk wat jy wanneer gaan doen. Ons noem dit tydsbestuur.

Dissipline en reëls is belangrik. Dit is nodig vir 'n suksesvolle sportloopbaan. Sport is dus goed, want dit leer jou om volgens reëls te leef.

[Verwerk uit www.mma-tx.org/blog]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**




[Eie advertensie]

3.1 Gee die INTENSIEWE VORM van 'nuut'. (1)

3.2 Verander die sin in 'n VRAAGSIN.

Jy oefen hard. (1)

3.3 Skryf die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Jy verdien die (goed). (1)

3.4 Sportex is die seep vir jou!

3.4.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die woorde in die sin hierbo is (manipulerende/diskriminerende) taal. (1)

3.4.2 Skryf die VOORNAAMWOORD neer wat die adverteerder gebruik om direk met elke leser te praat. (1)

3.5 Skryf die korrekte VORM van die woord tussen hakies neer.

Sportex vir (aktief) mans en dames. (1)

3.6 Waarom pas die prent van die atleet NIE by die volgende sin NIE?

Sportex vir (aktief) mans en dames. (1)

3.7 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Sportex is nie vir 'n mens met 'n klein (hart) nie. (1)

3.8 Kies die korrekte SPELLING van die woord tussen hakies.

Die sterk seep wat jou (vel/fel) saggies skoonmaak. (1)

3.9 Kies die korrekte WERKWOORD tussen hakies.

Die seep waarop sportiewe mense (vertrou/getrou). (1)
**[10]**

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**




[Verwerk uit *Volksblad*, 21 Junie 2017]

4.1 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Elton Jantjies se hare lyk beter (as/dan) die ander spelers se hare. (1)

4.2 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Wanneer die ma sê: 'Oee! Wat gaan jou pa hiervan sê?' wys dit vir ons dat die pa (van die haarstyl gaan hou/nie van die haarstyl gaan hou nie). (1)

4.3 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (4.3) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| opgewonde; | bekommerd; | tevrede |

Uit die ma se liggaamshouding kan ons sien dat sy … is. (1)

4.4 Skryf die sin hieronder oor en vul die LEESTEKEN in wat uitgelaat is.

Elton Jantjies is jonk fiks en 'n rolmodel. (1)

4.5 Gee die VROULIKE VORM van die woord tussen hakies.

Ons sien net seuns hier, want meisies verkies dalk dat 'n (haarkapper) hulle hare sny. (1)

4.6 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

Die haarkapper vra hoe hy Kosie se hare moet sny.

Begin só: Die haarkapper vra: 'Kosie, hoe …' (1)

4.7 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Kosie: 'Dankie, Oom!'

Uit Kosie se woorde kan ons aflei dat hy (goeie maniere het/sarkasties is). (1)

4.8 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies.

Die drie seuns (wie/wat) in die ry staan en wag, lyk opgewonde, (1)

4.9 Skryf die sin hieronder in die LYDENDE VORM.

Die haarkapper sny Kosie se hare.

Begin só: Kosie se hare … (1)

4.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die antwoord (A–D) langs die vraagnommer (4.10) neer.

'Vandag gaan die hare waai' beteken dat …

A daar kwaai baklei gaan word.
B almal nou huis toe moet gaan.
C die seuns se hare vandag gesny gaan word.
D die wind almal se hare deurmekaar gaan waai. (1)

**[10]**

## VRAAG 5

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F: LEESTEKS**

**VAN SKOONMAKER TOT ONDERWYSERES**

Avril Martin het (5.1.1) (jaar/jare) gelede as ontvangsdame by 'n dokter begin werk. Toe (5.1.2) (dokter) Jaffer aftree, het sy as skoonmaker by *Steers Educare* gaan werk. (5.1.3) (Sy is lief vir kinders. Sy wou 'n onderwyseres word.) Die (5.1.4) (prinsipaal) van *Steers Educare* het hiervan geweet. Sy het vir Avril gesê sy moet deeltyds gaan studeer.

Avril het al haar (5.1.5) (vak) met 'n gemiddeld van 85% geslaag. Sy (5.1.6) (was) die beste van die 300 studente in haar klas. Haar klasmaats was almal (5.1.7) (ouer) as sy. (5.1.8) (Avril het 'n klas gemis.)

(5.1.9) (Na baie harde werk ontvang sy haar onderwysdiploma). Avril glo dat (5.1.10) (goed) opvoeding sal keer dat jong kinders by bendes betrokke raak. Die mense van Hanover Park is baie trots (5.1.11) (op/met) haar. Sy het gewys dat harde werk 'n mens kan help (5.1.12) (jou passie volg).

Mense (5.1.13) (weet/ken) Avril as 'n vriendelike mens. Sy is getroud en het twee seuns en een (5.1.14) (kleinkind).

[Verwerk uit News24, Junie 2018]

5.1.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Avril Martin het (jaar/jare) gelede as ontvangsdame by 'n dokter begin werk. (1)

5.1.2 Gee die AFKORTING vir die woord tussen hakies.

Toe (dokter) Jaffer aftree ... (1)

5.1.3 Verbind die sinne hieronder met die VOEGWOORD tussen hakies.

Sy is lief vir kinders. Sy wou 'n onderwyseres word. (daarom) (1)

5.1.4 Gee die SINONIEM van 'prinsipaal'. (1)

5.1.5 Gee die MEERVOUD van 'vak'. (1)

5.1.6 Gebruik die woord 'was' in 'n sin sodat dit 'n ANDER BETEKENIS het. (1)

5.1.7 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Haar klasmaats was almal (ouer) as sy. (1)

5.1.8 Skryf die sin hieronder in die ONTKENNENDE VORM.

Avril het 'n klas gemis. (1)

5.1.9 Skryf die sin hieronder in die VERLEDE TYD.

Na baie harde werk ontvang sy haar onderwysdiploma. (1)

5.1.10 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Avril glo dat 'n (goed) opvoeding sal keer dat jong kinders by bendes betrokke raak. (1)

5.1.11 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies.

Die mense van Hanover Park is baie trots (op/met) haar. (1)

5.1.12 Voltooi die INFINITIEF tussen hakies. Skryf die hele sin oor.

Sy het gewys dat harde werk 'n mens kan help (jou passie volg). (1)

5.1.13 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Mense (weet/ken) Avril as 'n vriendelike mens. (1)

5.1.14 Verdeel die woord 'kleinkind' volledig in LETTERGREPE. (1)

5.2 Bestudeer die teks (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**



[Bron: www.cartoonmotwators.com]

5.2.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die kamer is baie (netjies/deurmekaar). (1)

5.2.2 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die meisies het boeke by die (plek waar jy boeke uitneem) geleen om te lees. (1)

5.2.3 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Daar lê 'n hoop (klere/kleure) op die vloer. (1)

5.2.4 Voltooi die sin hieronder deur die ONTBREKENDE SEISOEN in te vul.

Daar is vier seisoene *(seasons)* in 'n jaar. Hier is dit beslis nou …, want die verwarmer is aan. (1)

5.2.5 Vul die ONTBREKENDE WOORD in.

Die koffie wat op die bedkassie staan, kan die meisie brand, want die koffie is … (1)

5.2.6 Skryf die sin hieronder oor en verbeter die WOORDORDE.

Die meisie lê (lekker) (op haar bed) (elke middag). (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

Beantwoord NET die vraag oor die stories/drama wat jy behandel het, dit wil sê VRAAG 6 OF VRAAG 7 OF VRAAG 8.

VRAAG 6: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

VERHAAL A: 'ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK' **EN** VERHAAL B: 'MY BROER SE KRAAI'

**OF**

VRAAG 7: *OM LAASTE TE KAN* LAG – Pirow Bekker

VERHAAL A: 'LEUENS' **EN** VERHAAL B: 'TANT NELIE SE VEERPLUIME'

**OF**

VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

**VERHAAL A: 'ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK' – Abraham H de Vries**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS H**

Hy staan daar langs die kantlyn op sy kierie en leun – hy't ammelie 'n kierie by hom gedra. En toe die losskakeltjie so nader kom om te skop, toe skreeu hy met daardie bulkstem van hom, hy skreeu: 'Drôp, jou ditsemsedatsemse, drôp sê ek vir jou!'

En raai, dis nes of die mannetjie – ek sien hom nog so voor my – dis nes of sy bene so waggel onder hom soos iemand wat 'n lamte kry, en hy skop die bal doer in die arnosterbossies in, maar nie hoër as 'n wingerdstoel van die grond af nie!

Toe blaas die eindfluitjie.

***

Toe kry hulle vir hom 'n kamer in die hotel daar op Barrydale, hulle betaal vir hom vir die nag en daar los hulle hom toe. Op die bed. Uitgetrek, toegemaak, de lot. Nie pajamas nie, dit was nie so koud nie.

Daar, in die hotel op Barrydale, word Rooikoos Willemse toe die volgende oggend – nog 'n Sondagoggend daarby – wakker.

***

'Is dit jy, Jan?' vra hy.
'Ja, meneer.'
'Ken jy vir Rooikoos Willemse, Jan?'
'Ja meneer. Ek ken hom, meneer.'

6.1 Vir watter span het die losskakeltjie (reël 2) gespeel? (1)

6.2 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die hoteleienaar op Rooikoos se dorp het gekeer dat die manne mekaar slaan.
- Rooikoos het gedreig dat hy die middag by die rugby sou wees.
- Daar het 'n rusie tussen Rooikoos en die Barrydalers uitgebreek.
- Barrydale se spelers het voor die wedstryd kantien toe gegaan om iets te eet. (4)

6.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.3) neer.

' … **sy bene so waggel … soos iemand wat 'n lamte kry**' (reël 4 en 5) is 'n voorbeeld van …

A simboliek.
B 'n metafoor.
C 'n vergelyking.
D personifikasie. (1)

6.4 Waarom kan ons sê dat Rooikoos met sy gebulder reggekry het wat hy wou doen? (1)

6.5 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.5) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| tevrede; | hartseer; | verras |

Omdat Barrydale 'n baie goeie span gehad het, was al die toeskouers … toe die eindtelling gelykop was. (1)

6.6 Hoe het die mense van Rooikoos se dorp vir hom gewys dat hulle bly was oor sy aandeel in die eindtelling? (1)

6.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.7) neer.

Toe die Barrydalers Rooikoos se baard afgeskeer en sy hare swart gekleur het, wou hulle hê Rooikoos moes verstaan dat …

A hulle nie vir hom kwaad was nie.
B hy iets aan sy drankprobleem moes doen.
C daar altyd gevolge vir 'n mens se optrede is.
D hulle teleurgesteld was omdat hulle span verloor het. (1)

6.8 Watter TWEE dinge het daardie Sondagoggend vir Rooikoos laat besef dat hy nie in sy eie kamer op sý dorp was nie? (2)

6.9 Die Barrydalers het gesorg dat Rooikoos veilig en gemaklik was nadat hulle sy baard afgeskeer en sy hare gekleur het.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.10 Hoe het die hoteleienaar op Rooikoos se dorp vir jou gewys dat jy jou naaste moet liefhê? (1)

6.11 Wat is die funksie van die dialoog in reëls 13 tot 16? (1)

6.12 Rooikoos is die hoofkarakter in hierdie verhaal.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by Rooikoos se optrede in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.12.1 tot 6.12.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.12.1 | Rooikoos het baie gedrink. | A | Dit was die een woord op die ander en later so by appelswaai. |
| 6.12.2 | Rooikoos het graag baklei as hy dronk was. | B | Die trane het oor Rooikoos se wange geloop omdat daar niemand was met wie hy kon praat nie. |
| 6.12.3 | Rooikoos was verbaas. | C | Rooikoos het in die hotel gewoon, dat hy nie ver na die kroeg hoef te loop nie. |
| 6.12.4 | Rooikoos was hartseer. | D | Rooikoos se dorp se span het nie teen Barrydale verloor nie. |
| | | E | 'n Vreemde kelner het vir Rooikoos koffie gebring. |

(4 x 1) (4)

6.13 Hoekom is 'Rooikoos Willemse is soek' 'n gepaste titel vir hierdie kortverhaal? (1)

**EN**

**VERHAAL B: 'MY BROER SE KRAAI' – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS I**

> Ons het dikwels oor die kraai gepraat smiddae op die stoep, saans aan tafel. Ons het my broer probeer oortuig dat dit vir die kraai beter sou wees as hy losgelaat word. Hy is ongelukkig in die hok en hy maak homself seer. Maar my broer het …
>
> Ons het almal geweet: nie wat vir die kraai die beste is nie, maar wat vir my broer die aanvaarbaarste is. Maar niemand het dit hardop gesê nie.
>
> Later het ons ander die hok begin vermy. Dit was nie meer mooi om na die kraai te kyk nie.
>
> ***
>
> My broer het begin stiller word. Ons het dit almal gemerk. Hy was 'n vrolike vent, my broer, maar sy vrolikheid het begin afslyt.
>
> ***
>
> Ek en my broer was gelyk in die kombuis en gelyk in die agterplaas. Die kraai het kordaat in sy hok gesit – en weer gelag toe hy my broer sien. Maar dit was eers toe ek daardie stywe stappie van hom sien dat ek seker geweet het dis dieselfde kraai.
>
> My broer het net daar gestaan. Sommer net.

6.14 Waar het die verteller se broer die kraai gekry? (1)

6.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.15) neer.

Uit reëls 1 tot 7 kan ons aflei dat die verteller se broer nie na die ander mense se raad geluister het nie omdat hy …

A van kraaie gehou het.
B bang was vir die beseerde kraai.
C gevoel het die opgetelde kraai is sý kraai.
D altyd anders as die ander mense gedink het. (1)

6.16 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.16) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| verhouding *(relationship)*; | konflik *(conflict)*; | harmonie *(harmony)* |

Ons het almal geweet: nie wat vir die kraai die beste is nie, maar wat vir my broer die aanvaarbaarste is.' (Reël 4 en 5)

Dit sê vir ons dat die broer se wens en die kraai se begeerte in … met mekaar was. (1)

6.17 'Dit was nie meer mooi om na die kraai te kyk nie.' (Reël 6 en 7)

Gee TWEE redes waarom dit nie meer mooi was om na die kraai te kyk nie. (2)

6.18 Hoekom, dink jy, was die kraai so aggressief in die hok? (1)

6.19 In hierdie kortverhaal leer ons van die verhouding tussen die verteller se broer en 'n kraai.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die broer se verhouding met die kraai in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.19.1 tot 6.19.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.19.1 | Die broer het mooi vir die kraai gesorg. | A | Hy het die kraai teen sy wang probeer vasdruk. |
| 6.19.2 | Die broer was geduldig met die kraai. | B | Hy het die kraai losgelaat. |
| | | C | Hy het die verteller om raad gevra. |
| 6.19.3 | Die broer wou hê die kraai moes van hom hou. | D | Hy het vir hom 'n hok gemaak en hy het hom gevoer. |
| 6.19.4 | Die broer het gedoen wat die kraai wou hê. | E | Hy het drie dae lank probeer om die kraai iets te laat eet. |

(4 x 1) (4)

6.20 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die KORREKTE VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Die kraai het tussen die bome verdwyn.
- Die broer het die kraai se hek oopgemaak.
- Die broer het nie weer na die hok toe gegaan nie.
- Die verteller het die broer gevra om die kraai los te laat. (4)

6.21 Hoe lank was die kraai weg? (1)

6.22 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.22) neer.

'Sommer net' in reël 13 wys hoe … die broer was toe hy die kraai in sy hok sien.

A baie kwaad
B ongelukkig
C depressief
D baie bly (1)

6.23 Nadat die kraai teruggekom het, het hy anders as die eerste keer in die hok gereageer.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.24 Waarom kan ons sê dat die broer se hele gesin vir voëls/diere lief was? (1)

6.25 Hoekom, dink jy, was dit goeie raad wat die verteller vir sy broer gegee het? (1)

6.26 Wat het jy by die verteller geleer oor hoe om 'n wilde voël/dier te versorg? (1)
**[40]**

**OF**

## VRAAG 7

### VERHAAL A: 'LEUENS' – CM van den Heever

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS J**

Weer die dodelike vrae wat ontwyk moet word.

***

... Sy klim in. Sy sal maar terugsluip Vrededorp toe ... sy, die dogter van een van die rykste boere in die Vrystaat. Vandag is haar pa bankrot. En haar arme man!

***

... 'Julle almal is 'n klomp 'snobs.' Hy loop die kamer uit en die deur knal agter hom toe. Naomi kyk na die wekker voor haar wat met ongeduldige stappe die tyd afmeet. Halfdrie! Vieruur moet sy daar wees. Sy het haar al halfdood gesukkel met hierdie rok wat sy self gemaak het en haar lam gespook om haar hare met die primitiewe krulyster tog enigsins in orde te kry.

***

'Ja,' antwoord Naomi, 'ek sal graag wil help as ek kan,' ...

***

... Die motor van haar vriendin glans reeds by die draai om. Dit is of al die onwaarhede, die huigelary plotseling in Naomi se gees soos afskuwelike drake opstaan. Sy verag haarself, ... sy haat die hele wêreld.

7.1 Oor watter TWEE vrae het Naomi leuens vertel? (2)

7.2 Waarom, dink jy, moes Naomi eerder die waarheid oor haar lewe vertel het? (1)

7.3 Gee EEN rede waarom Naomi jammer vir haar man gevoel het. (1)

7.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.4) neer.

'Naomi kyk na **die wekker** ... **wat met ongeduldige stappe die tyd afmeet**' (reël 5), is 'n voorbeeld van ...

A klanknabootsing.
B personifikasie.
C simboliek.
D ironie. (1)

7.5 Naomi se man noem haar 'n 'snob'. (Reël 4)

Het Naomi soos 'n snob opgetree tussen haar ryk vriendinne? Motiveer jou antwoord. (1)

7.6 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (7.6) en die ontbrekende woord neer.

| voorkoms*(appearance)*; gedrag*(behaviour)*; omgewing*(surroundings)* |
|---|

Al was Naomi arm, het sy probeer om haar ... aanvaarbaar te maak vir die afspraak wat sy moes nakom. (1)

7.7 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Olga het vir Naomi in Westcliff afgelaai.
- Naomi het met die trem en die bus Saxonwold toe gery.
- Naomi en Olga het saam verversings geniet.
- Olga se diensmeisie het haar by die voordeur ontvang. (4)

7.8 Waarmee wou Naomi vir Olga help? (1)

7.9 Naomi se besoek aan Olga het die twee vriendinne nader aan mekaar gebring.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

7.10 Hoekom pas die titel so goed by hierdie kortverhaal? (1)

7.11 In hierdie verhaal leer ons Naomi goed ken.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by Naomi se eienskappe in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.11.1 tot 7.11.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.11.1 | Aan die begin van die verhaal was Naomi 'n dromer. | A | Sy wou nie hê mense moet haar jammer kry nie. |
| 7.11.2 | Naomi was skaam. | B | Sy het gehoop vir 'n beter lewe. |
| 7.11.3 | Naomi was eerlik. | C | Sy het uiteindelik haar omstandighede aanvaar. |
| 7.11.4 | Aan die einde van die verhaal was Naomi realisties. | D | Sy het sleg gevoel oor al haar leuens. |
| | | E | Sy het nooit te veel van die lewe verwag nie. |

(4 x 1) (4)

7.12 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.12) neer.

Die '**onwaarhede**, die huigelary' (reël 11) het Naomi gepla.

'n Les wat Naomi hieruit geleer het, is dat sy ...

A alle mense dieselfde moet behandel.
B haar werk so goed moontlik moet doen.
C simpatiek teenoor arm mense moet wees.
D eerlik omtrent haar omstandighede moet wees. (1)

7.13 Hoe kon Naomi verseker het dat Olga haar respek vir haar behou? (1)

**EN**

**VERHAAL B: 'TANT NELIE SE VEERPLUIME' – Henriette Grové**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS K**

Ek het sleg gevoel vir Kit se part, maar toe ek vir haar so sê, spring sy in 'n kits om en sê skielik: 'Sowaar, sowaar, dit sal nie weer gebeur nie. Elke keer as ek iets bak, is sy ook daar met daardie goed van haar. Die hoeveelste keer is dit nou? Maar so seker as ek hier staan, daardie resep sal ek kry. En onthou jy dit maar goed, Peet Brink, want voor daardie dag trou ek nie met jou nie.'

Vader, sy kon dit nie bedoel het nie.

***

Ek en Ursa het die saak lank bepraat. Eers was dit sus en so; dan sê sy dit en ek dat, maar die einde van die saak was dat ons doodeenvoudig die boek moes steel.

***

Toe praat tant Nelie vir die eerste keer: 'Nee, hou dit nou, Peet. '

Ek het nie mooi verstaan nie: 'Die boek? Die resepte?'

Sy het effens nader gekom en op daardie oomblik baie oud gelyk. 'Ja,' sê sy en klop met haar kierietjie op die vloer, 'ek het dit altyd gebêre met die hoop ...'

7.14 Waaroor het Peet sleg gevoel vir Kit se onthalwe? (1)

7.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.15) neer.

'… spring sy **in 'n kits** om ...' (reël 1). Hierdie woorde sê vir ons dat Kit … op Peet se woorde geantwoord het.

A vrolik
B vinnig
C verbaas
D vriendelik (1)

7.16 Watter resep wou Kit hê? (Reël 4) (1)

7.17 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (7.17) en die ontbrekende woord neer.

| verleë; | geskok; | opgewonde; |
|---|---|---|

'Vader, sy kon dit nie bedoel het nie.' (Reël 6) Dit sê vir ons dat Peet ... was oor wat Kit gesê het. (1)

7.18 'En onthou jy dit maar goed, Peet Brink, want voor daardie dag trou ek nie met jou nie.' (Reël 4 en 5)

Hoekom kan ons sê dat ons Kit hier leer ken as iemand wat ander mense manipuleer? (1)

7.19 Noem TWEE planne wat Peet gemaak het om die boek in die hande te kry voordat hulle besluit het om dit te steel. (2)

7.20 Waarom kan ons sê dat Ursula verkeerd opgetree het toe Peet haar gevra het om hom te help? (1)

7.21 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Tant Nelie het gesê dat Peet die boek vir Kit kon gee.
- Peet het besef dat tant Nelie die boek vir Ursula gebêre het.
- Peet het Ursula halfnege die aand naby tant Nelie se huis ontmoet.
- Peet het die kers vasgehou terwyl Ursula die goed uit die kis gepak het. (4)

7.22 Lees reël 9 en 10.

Waarom kan ons sê dat tant Nelie teleurgesteld was met Peet en Ursula se optrede? (1)

7.23 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.23) neer.

Aan die einde van die verhaal het Peet geleer dat 'n mens nie …

A by enige iemand raad moet vra nie.
B ouer mense sonder respek moet behandel nie.
C moeilikheid tussen meisies moet veroorsaak nie.
D oneerlik moet wees om iemand anders tevrede te stel nie. (1)

7.24 Tant Nelie se resepteboek het Peet gehelp om met Kit te trou.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

7.25 Verskillende karakters dra by om die storie van die veerpluime interessant te maak.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.25.1 tot 7.25.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.25.1 Peet | A ... was bereid om iets verkeerds te doen net om iemand anders te help. |
| 7.25.2 Ursula | B ... het waarde aan familiegoed geheg. |
| 7.25.3 Kit | C ... het besef dat dit nooit te laat is om 'n fout reg te stel nie. |
| 7.25.4 Tant Nelie | D ... wou nie deel wees van die storie van die resepteboek nie. |
| | E ... sou enige iets doen om die beste te wees. |

(4 x 1) (4)

7.26 Waarom was dit die regte keuse vir Peet om met Ursula te trou? (1)

**[40]**

**OF**

**VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS L**

WILMA: *(Sug.)* Jy weet duidelik nie wat ons hier doen nie.

***

LUCKY: Nog nege-en-negentig uur in hierdie goor plek.
(*Hy voel-voel na sy selfoon en onthou dat dit gekonfiskeer is.*)
Ag flippen hel, die heks het my selfoon.
(*Hy sug en begin weer hark. Binki kom links op.*)

BINKI: Wilma het my gestuur. Sy sê ek moet jou roep om te kom kyk hoe die beginners leer perdry.

***

BINKI: Ek doen matriek deur korrespondensie.

LUCKY: Oukei. Jy doen matriek op die never-never. By die huis?

BINKI: E ... nee. Ek bly hier by tannie Wilma en dan doen ek die skoolwerk saans.

LUCKY: Jy bly hier by die simpel sirkus? Is julle dan familie?
(*Binki skud haar kop.*)
Het jy dan nie 'n huis nie?

BINKI: Natuurlik het ek.

LUCKY: Maar jy bly hier? Bring jou mense jou nie ook hiernatoe in hulle four-by-four nie?

BINKI: O nee, my ma is baie besig.

8.1 'Nog nege-en-negentig uur in hierdie goor plek.' (Reël 2)

8.1.1 Waarvan praat Lucky as hy sê 'nege-en-negentig uur'? (1)

8.1.2 Skryf EEN woord uit die uittreksel neer wat wys dat Lucky nie van die ryskool gehou het nie. (1)

8.1.3 Noem EEN van die werkies wat Lucky by die ryskool moes doen. (1)

8.2 Lucky was opgewonde om te gaan kyk hoe die beginners leer perdry.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

8.3 By Wilma se ryskool is daar kinders wat op verskillende maniere gestrem is. Noem TWEE van hierdie gestremdhede. (2)

8.4 Wie, het Lucky gedink, kom na die ryskool toe? (1)

8.5 Watter les het Lucky in hierdie drama oor stereotipering geleer? (1)

8.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.6) neer.

As Lucky 'Ag flippen hel' (reël 4) sê, wys dit dat hy …

A gelukkig by die ryskool is.
B sukkel om te sê hoe hy voel.
C weet wat om in daardie situasie te doen.
D gefrustreerd en ongelukkig by die ryskool is. (1)

8.7 Hoekom het Wilma Lucky se foon afgevat? (1)

8.8 Waarom was Lucky verkeerd om vir Wilma 'n 'heks' te noem? (Reël 4) (1)

8.9 Net soos Lucky en Binki het Wilma ook haar eie probleme gehad.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.9.1 tot 8.9.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.9.1 | Wilma was bietjie wild in haar jong dae. | A | Wilma het vir ure by haar perd gelê. |
| 8.9.2 | Wilma het met haar perd in die donker gejaag. | B | Grace het in 'n gat getrap. |
| 8.9.3 | Wilma was baie lief vir haar perd. | C | Wilma het die ryskool begin. |
| 8.9.4 | Wilma wou regmaak wat sy verbrou het. | D | Wilma het te veel by 'n partytjie gedrink. |
| | | E | Wilma het Lucky se prokureur gebel. |

(4 x 1) (4)

8.10 Hoekom kan ons sê dat die 'simpel sirkus' (reël 11) vir Lucky gehelp het om 'n beter mens te word? (1)

8.11 Lees weer die toneelaanwysing in reël 12.

Hoe het Binki vir Lucky laat verstaan dat sy nie van Wilma familie is nie? (1)

8.12 Lees reël 15.

Hoe weet ons dat Lucky hier vir Binki met ryk mense assosieer? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS M**

BINKI: (*Skree ontsteld.*) Nee! Ons huis het afgebrand! Gebrand tot op die grond.
LUCKY: Hû? (*Lucky is vir 'n oomblik uit die veld geslaan.*)
BINKI: Jy weet niks! Jy weet nie hoe gou 'n huis in vlamme opgaan nie.
LUCKY: (*Weer in beheer.*) Ag, natuurlik weet ek. Waar ek bly, brand baie huise af. Konkas val om. Oop vure. Elke winter is daar mense –
BINKI: Maar nie jou huis nie! ... Ek weet hoe 'n TV – alles wat belangrik is, net skielik kan wegsmelt.
LUCKY: Hel, wat hét jy gedoen?
BINKI: Ek? Ha! Ryk mense het ook winter. Drie jaar gelede, een aand. Ek het wakker geword, en eers het ek gedink ek droom, dinge was so wasig in my kamer. Soos volmaan. (*Sarkasties.*) Julle het darem 'n maan daar by julle? Of behoort die volmaan net aan ryk varke?
LUCKY: (*Ietwat ongemaklik.*) Hei ek bedoel nou nie –

***

BINKI: ... Ag, nie weer nie. Jy het belowe! Nee, jy was nie verlede maand hier nie. Jy was laas –

***

BINKI: ... Maar Sabrina, jy het belowe – Nee, ek is nie moeilik nie. Ma! Ek is nooit moeilik nie. Hoor jy, MA! ... Ek het vir haar Ma gesê. Twee keer.

8.13 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (8.13.1 tot 8.13.4) en die ontbrekende woorde neer.

| |
|---|
| langmoue; draadhek; arms; lyf; voordeur; hondjie; katjie |

Daar het 'n brand uitgebreek in Binki-hulle se huis. Binki wou vir Dukie, haar (8.13.1) ... red. Sy het gesukkel om die (8.13.2) ... in die kombuis oop te kry. Dukie het toe uit haar (8.13.3) ... gespring en hy is dood in die brand. Binki is ook in die brand beseer en sy het letsels oor haar hele (8.13.4) ... (4)

8.14 Voltooi die volgende sin deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (8.14) en die ontbrekende woorde neer.

| die maan het helder geskyn; | die kamer was vol rook; | sy het gedroom |
|---|---|---|

Binki het gesê dat dinge so wasig in haar kamer was, want ... (1)

8.15 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Lucky het per ongeluk Binki se mou afgeskeur.
- Binki en Lucky het gestoei om besit van Binki se foon.
- Binki het vir Lucky haar letsels gewys.
- Lucky wou na foto's van Dukie op Binki se foon kyk. (4)

8.16 Binki en Lucky het gestoei.

8.16.1 Hoe het Binki gereageer toe Lucky haar mou afgeskeur het? (1)

8.16.2 Hoekom, dink jy, het sy so reageer? (1)

8.17 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

8.17.1 Lucky was (geskok/tevrede) toe hy Binki se letsels sien. (1)

8.17.2 Hierdie reaksie van Lucky wys vir ons dat hy (sensitief/onsensitief) vir die pyn van ander is. (1)

8.18 'Ag, nie weer nie. Jy het belowe!' (Reël 14)

8.18.1 Wat, dink jy, het Binki se ma vir haar gesê? (1)

8.18.2 Sou jy sê Binki klink teleurgesteld of tevrede in reël 14? (1)

8.18.3 Waarom het Binki rede om só met haar ma te praat? (1)

8.19 Binki sê: 'Ek het vir haar Ma gesê. Twee keer.' (Reël 17)

Wie het vir Binki aangemoedig om vir Sabrina 'Ma' te sê? (1)

8.20 Waarom was Sabrina nie 'n goeie ma nie? (1)

8.21 Binki gee aan die einde van die drama nie meer om of iemand haar letsels sien nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

8.22 Dink jy die ryskool was goed vir Binki? (1)

8.23 Waarom kan Wilma goed voel oor die rol wat haar ryskool in kinders se lewens speel? (1)

8.24 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.24) neer.

Die boodskap van hierdie drama is dat ...

A sekere perde kwaaier as ander is.
B perde kan help om mense te genees.
C mense perde met respek moet hanteer.
D perde se stalle gereeld skoongemaak moet word. (1)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou